**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersieningsnommer : 2529/2002

In die Hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**LEWATLE DAVID LENTOR**

**CORAM:** VAN COLLER et HANCKE RR

**UITSPRAAK:** VAN COLLER R

**DATUM VAN LEWERING:** 28 NOVEMBER 2002

Die beskuldigde is tereg aan die diefstal van een skaap skuldig bevind. Hy is gevonnis tot 15 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is vir 4 jaar.

Die beskuldigde het geen vorige veroordelings nie en op vrae van die hof het hy die volgende ter versagting gesê:

"Ek is 53 jaar oud. Ek is getroud. Slegs een kind wat ek nog versorg. Die kind is 12 jaar oud en nog op skool. Ek het nie skool gegaan nie. Ek werk op klaer se plaas. Ek verdien R200,00 per maand. Ek kry ook rantsoene naamlik mieliemeel, suiker, koffie. Geen vleis nie. My vrou werk op plaas Verfkraal. Sy verdien R80,00 per maand."

Soos dikwels in veediefstalsake gebeur, verwys die landdros ook na die saak van **S v OOSTHUIZEN** 1996(1) SASV 475 (O) wat hy as riglyn gebruik. In daardie saak was daar 6 skape op een geleentheid gesteel. Die ernstige afmetings wat veediefstal aanneem waarna in daardie saak verwys is, het betrekking op gebiede wat langs die grens lê, aan woongebiede grens en in distrikte waar oorwegend met vee geboer word. Dit mag wees dat in Edenburg oorwegend met vee geboer word, maar daar is geen getuienis dat veediefstal tans nog ernstige afmetings in daardie distrik aanneem nie. Die beskuldigde in die onderhawige saak verdien 'n karige loon, kry geen vleis nie en is reeds 53 jaar sonder enige vorige veroordelings.

Sien die tersaaklike opmerkings in **S v OOSTHUIZEN** (*supra*) op 477(c)-(d) aangaande wat gesê is van behoeftige werkers wat die heel eerste keer 'n skaap vir die pot slag.

Hoewel 'n gedeelte van die vonnis opgeskort is, is die vonnis een van 15 maande gevangenisstraf. Sien **S v SETNOBOKO** 1981(3) SA 553 (O) veral op 556D-H. Die vonnis is na my mening onvanpas swaar.

Na my mening sal die vonnis hieronder uiteengesit ‘n gepaste vonnis wees.

Die skuldigbevinding word bekragtig. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van vier maande gevangenisstraf wat geag moet word opgelê te gewees het op 30 Oktober 2002.

**AP VAN COLLER, R**

**EK STEM SAAM:**

**SPB HANCKE, R**